

Groete uit die Sinodehuis

27 Julie 2017

Kollega,

Die skole wat hierdie week weer begin het, het so stil-stil die tweede helfte van die jaar aangekondig. Miskien het die skoot te vinnig vir jou geklap, en is jy na 'n lang eerste helfte nog nie heeltemal gereed vir wat nou wag nie... of dalk was jy een van die bevoorregtes wat tog die afgelope tyd wel iewers jou batterye kon laai. Mag jou voete nietemin gou weer die ritme van 2017 vind, sodat jy die Koninkrykswals opgewonde kan bly dans!

Die Sinodehuis in Sunnyside word omring deur die rou realiteite van 'n gebroke samelewing, en in die afgelope tyd is ons as personeel op 'n nuwe manier daarmee gekonfronteer. Na ons gebruikelike toewyding op Hemelvaartdag, het ons die knusheid van ons huis verlaat en gaan kyk hoe die wêreld rondom ons lyk - die wêreld waar God se Koninkryk sigbaar moet word...

Ons eerste stop was die straathoek oorkant ons ingang. Wat met die eerste oogopslag soos 'n gewone muur rondom 'n ou middestadhuus lyk, ontdek ons toe is 'n muur met 'n skuifdeurtjie... en agter hierdie skuifdeurtjie lê 'n matrassie gereed om 'n weggooibaba met ope arms te ontvang. Sodra die skuifdeurtjie oopgaan, gaan 'n alarm in die huis af, en dan kom een van die werkers die baba haal. Geen vrae word gevra nie...

Die muur met die skuifdeurtjie is al twee jaar lank ons buurvrou, maar nog nooit het ons ontmoet nie... Tog was die skuifdeurtjie reeds vir ongeveer 200 babas die deur tot die lewe, en daarom dra dit die naam: "New Beginningz".

In die kerkjaar is ons tans by Koninkrykstyf, en die liturgiese kleur vir die tyd is groen. Mag daar gedurende hierdie tyd, in jou omgewing en in jou eie lewe, 'n oorvloed nuwe spriete van lewe opskiet!

Groete,



082 653 5734 / paul@noordsin.co.za